27 *Junie 2010*

Lees: 1 Korintiërs 1:18-31
1 Timoteus 1:12-2:7
Heidelbergse Kategismus Sondag 6
Teks: 1 Korintiërs 1:22-23a
1 Timoteus 2:5, 6
Tema: Christusprediking op sy heel beste.

<u>Votum:Psalm 116:1</u> (Sit)

God het ek lief, want die getroue HEER

hoor na my stem uit vrye welbehae;

ek roep Hom aan in al my lewensdae,

Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.

Psalm 116:7

Wat kan 'k die HEER vir al sy guns vergeld?

Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?

Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade

en by die kelk van heil sy Naam vermeld.

Groetseën

<u>Psalm 118:1</u> (Staan)

Loof, loof die HEER met lofgesange!

O Isr'el, wees in God verblyd.

Sy goedheid volg Hom in sy gange,

sy goedheid duur in ewigheid.

Loof, Arons huis, met jubelsange!

Gods goedheid ken geen grens of tyd,

geen hede, toekoms of vergange,

sy goedheid duur in ewigheid!

Psalm 118:2

Loof, loof die God van ons verlange,

o almal wat die HERE vrees!

Sing voor die HEER jul lofgesange,

en laat Gods volk nou vrolik wees!

Loof almal saam met jubelsange!

Gods goedheid ken geen grens of tyd,

geen hede, toekoms of vergange,

sy goedheid duur in ewigheid!

Skriflesing:

Lees: 1 Korintiërs 1:18-31
1 Timoteus 1:12-2:7
Heidelbergse Kategismus Sondag 6
Teks:1 Korintiërs 1:22-23a
1 Timoteus 2:5, 6

1 Korintiërs 1:18-31 (1 Kor 1:22-23a)
18Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God. 19Daar staan tog geskrywe: “Die wysheid van die wyses sal Ek vernietig,
en die geleerdheid van die geleerdes sal Ek tot niet maak.”
20Waar is die wysgeer van hierdie wêreld nou? Waar die skrifgeleerde? Waar die slim woordvoerder? Het God nie die wysheid van die wêreld tot onsin gemaak nie? 21Dit was die bedoeling van God in sy wysheid dat die wêreld nie deur geleerdheid tot kennis van God sou kom nie. Daarom het God in sy goedheid besluit om deur die prediking wat vir die wêreld onsin is, dié te red wat glo. 22Die Jode vra wondertekens en die Grieke soek wysheid, 23maar ons verkondig Christus wat gekruisig is. Vir die Jode is dit ’n aanstoot en vir die ander is dit onsin, 24maar vir dié wat deur God geroep is, Jode sowel as Grieke, is Christus die krag van God en die wysheid van God.

25Wat vir die wêreld die onsin van God is, is groter wysheid as die wysheid van mense, en wat vir die wêreld die swakheid van God is, is groter krag as die krag van mense.
26Dink maar net, broers, aan wat julle was toe julle geroep is. Volgens die opvatting van mense was daar nie baie geleerdes of baie invloedrykes of baie mense van aansien onder julle nie. 27En tog, wat vir die wêreld onsin is, het God uitgekies om die geleerdes te beskaam; wat vir die wêreld swak is, het God uitgekies om die sterkes te beskaam, 28en wat vir die wêreld sonder aansien of betekenis is, ja, wat niks is nie, het God uitgekies om wat iets is, tot niet te maak.
29Voor God het geen mens dus iets om op te roem nie.
30Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing.
31Daarom, soos daar geskrywe staan:
“Dié wat wil roem, moet in die Here roem.”

1 Timoteus 1:12-2:7 (teks: 1 Tim 2:5, 6)
12Teenoor Christus Jesus ons Here is ek dankbaar: Hy het my krag gegee en my betroubaar geag om my in sy diens te stel, 13al het ek Hom voorheen belaster, vervolg en beledig. Maar God was genadig teenoor my omdat ek in my ongeloof nie geweet het wat ek doen nie. 14Ons Here het my oorlaai met sy genade en met geloof en liefde wat ons deel is in Christus Jesus. 15Dit is ’n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste. 16Maar juis daarom was God my genadig sodat Christus Jesus aan my, as die grootste sondaar, al sy verdraagsaamheid sou betoon en ek ’n voorbeeld kon wees vir almal wat in die toekoms in Hom sou glo om die ewige lewe te verkry. 17Aan Hom wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.

18Hierdie opdrag gee ek aan jou, Timoteus, my kind, in ooreenstemming met die profesieë wat vroeër oor jou uitgespreek is. Met hierdie woorde in gedagte, moet jy die goeie stryd stry. 19Hou vas aan die geloof en behou ’n goeie gewete. Omdat sommige hulle gewete onderdruk het, het hulle geloof skipbreuk gely. 20Onder hulle is daar Himeneus en Aleksander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle daardeur kan leer om God nie te laster nie.
2 Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, 2vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons ’n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid. 3So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, 4wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.

5Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus 6wat Homself as ’n losprys vir almal gegee het. Dit was op die bestemde tyd die bewys van die bedoeling van God. 7Met die oog hierop is ek aangestel as prediker en apostel, as ’n leraar om die heidennasies te onderrig in die boodskap van die geloof en die waarheid. Ek praat die waarheid, ek lieg nie.

Sb 1-3:1 (Sit)

So lief het God die wêreld

dat Hy vir ons sy Seun,

sy enigste, gegee het -

ons Redder, Lig en Steun.

Wie in Hom glo, sal lewe,

sal nooit verlore gaan;

maar het die ware lewe

as God se erfgenaam.

Sb 1-3:3

So kom die stryd, die skeiding,

van duisternis en lig.

Wie aanhou met die slegte,

hul lewens bly ontwrig.

Maar wie, uit God gebore,

die waarheid soek en doen,

kom dankbaar na die lig toe

as kind met God versoen.

Prediking:

Sb 10-2 – Onse Vader

Ons Vader wat woon in die hemel,

geheilig sy u Naam,

laat u ryk kom, u wil geskied,

soos in die hemel so ook op die aarde.

Gee ons vandag ons dag se brood

en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe

die wat teen ons sondig.

<u>Sb 10-2</u> (vervolg)

Laat kom ons nie in die versoeking;

maar verlos ons van die Bose.

Van U is die ryk en die sterkte en die ere,

vir ewig en ewig, amen

vir ewig en ewig, amen.

Kollekte
Diens van
Barmhartigheid

<u>Sb 1-2:1</u> (Staan)

Prys Hom, die Hemelvors,

op sy verhewe troon,

loof Hom aan Wie die hemelkoor

hul hulde steeds betoon.

Aan Hom, die Skepperheer,

kom toe die eer en mag.

Sy Woord het alles voortgebring,

roem ewig sy gesag.

Sb 1-2:2

Loof Hom, die Lam van God,

want Hy's vir ons geslag.

Hy het ons met sy bloed gekoop;

besing sy reddingsmag.

Uit elke stam en taal

het Hy ons vrygemaak;

sy koninkryk, sy priesterdom -

dít het Hy ons gemaak.

Sb 1-2:3

Lof, eer en heerlikheid,

die wysheid en die krag

behoort aan God daar op die troon

en aan die Lam, geslag.

Tot in die ewigheid

sal ons die lied laat hoor;

die hele skepping oraloor roep

"Amen" in 'n koor.

Wegstuurseën
Amen Amen Amen